



Verwysing: 20200807-7409  
Lêerno.: 13/11/2  
Navrae: L Bredenkamp

Eksamenadministrasieminuut: 0004/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Vakadviseurs, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Hoofde: Leerderondersteuning, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Onderwys en Opleiding van Volwassenes Vlak 4-eksamens voorberei

**Onderwerp: Graad 12-leerders wat kies om nie terug te keer skool toe nie, soos bepaal in die direkteur uitgevaardig ingevolge regulasie 4(3) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002), en wat kies om nie die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2020 af te lê nie**

1. Ingevolge regulasie 4(3) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002), gepubliseer in *Staatskoerant* No. 43372 van 29 Mei 2020, mag 'n ouer/versorger kies om 'n leerder nie terug te stuur skool toe gedurende die pandemie nie. In sodanige gevalle moet die ouer/versorger via die skole aansoek doen by die Hoof van die Departement, wat ingevolge artikel 4 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) 'n leerder vir 'n sekere tydperk mag vrystel.
2. Die skoolkalender vir 2020 is gewysig (soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 43578 van 02 Augustus 2020). Aangesien die akademiese jaar korter is, sal onderwysers en leerders moet aanhou met werk om alle afdelings van die kurrikulum af te handel ter voorbereiding van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS-eksamen). Alle voltydse leerders vir die graad 12 NSS-eksamen moet skool elke dag vir die duur van die 2020 akademiese jaar bywoon.
3. Soos per Omsendbrief 18/2020 van 05 Julie 2020, moet alle graad 12-leerders die kurrikulum voltooi in ooreenstemming met die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring ter voorbereiding van die 2020 NSS-eksamen. Om die eksamen aan die einde van die jaar te kan skryf, moet **alle kandidate voldoen aan** die gewysigde skoolgebaseerde assesseringsvereistes (SGA-vereistes) **en dit voltooi**. Dit sluit mondelinge, praktiese assesseringsstake (PAT's), toetse en die voorbereidende eksamen in.

4. Die volgende protokol sal van toepassing wees op graad 12-leerders wie se ouers/versorgers gekies het om toesig te hou oor hulle leer tuis:

- Die ouer/versorger moet 'n geskrewe aansoek om die leerder tuis te hou vir die duur van die 2020 akademiese jaar by die Hoof van die Departement via die prinsipaal indien, waarin die redes vir die aansoek om vrystelling gemeld word.
- Indien die versoek deur die Hoof van die Departement of sy afgevaardigde amptenaar goedgekeur word, moet die ouer/versorger skriftelik onderneem dat hy/sy by magte is om toesig te hou oor die leerproses van die leerder ingevolge die kurrikulum- en assesseringsvereistes vir die 2020 akademiese jaar.
- Die ouer/versorger is verantwoordelik vir alle kostes met betrekking tot onderrig en assessering wat tuis gedoen word.
- Die ouer/versorger moet die nodige reëlings met die skool tref om toe te sien dat die kind teenwoordig is vir al die verpligtende assesseringskomponente soos in Omsendbrief 18/2020 van 05 Julie 2020 uiteengesit is.
- In uitsonderlike mediese gevalle behoort die skool spesiale reëlings te tref om 'n kind in 'n afsonderlike kamer te huisves om enige toets of eksamen te skryf. In sodanige geval moet die ouer/versorger die bykomende kostes wat met die afneem van die toets/eksamen gepaard gaan, dek, byvoorbeeld vir die aanstelling van 'n opsiner, skrywer, leser, ens.

5. Die skool moet die volgende items aan die ouer/versorger verskaf:

- Die akademiese verslag van die leerder vir Kwartaal 1.
- Die vereistes om 'n NSS te verkry.
- Die kurrikulum- en assesseringsvereistes vir graad 12.
- Die datums van die verskillende formele assesseringstake, bv. klastoetse, mondelinge, PAT's en summatiewe eksamens. Die leerder moet op daardie dae die skool bywoon om aan hierdie verpligtende assesserings deel te neem.
- Die skool moet alle leerondersteuningsmiddels en handboeke aan die ouer/versorger verskaf en seker maak dat die leerder ondersteun word binne die hulpbronvermoëns van die skool.

6. Prinsipale moet beklemtoon dat leerders aan die voorgeskrewe SGA-vereistes vir die 2020 akademiese jaar MOET voldoen voordat die 2020 NSS-eksamens afgelê kan word.

7. Indien 'n leerder **kies om nie met graad 12 in 2020 voort te gaan nie**, sal hy/sy nie kwalifiseer om die 2020 NSS-eksamen af te lê nie en moet hy/sy hulle voornemens om die registrasie van die genoemde eksamen in te trek op die aangehegte antwoordvorm (**Bylae A**) aandui.
8. 'n Leerder wie se registrasie aan 'n skool ingetrek is, sal moet heraansoek doen om toelating en voldoen aan die toelatingsvereistes van die skool indien hulle wil terugkeer in 2021.
9. Dra asseblief hierdie inligting aan die ouers/versorgers van graad 12-leerders oor. **Bylae A** moet deur die graad 12-leerder asook die ouer/versorger ingevul en onderteken word en aan die distrikskantoor teen 24 Augustus 2020 teruggestuur word.
10. U hulp met die bevestiging van die getal graad 12-leerders wat die 2020 NSS-eksamens by u skool/sentrum gaan aflê, word hoog waardeer.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2020-08-19